

Ds. A. W. C. Bester
Lutzville
22 Januarie 1977

Onderwerp: Profetiese roeping
Bevestigingsrede vir
Ds. J. A. van den Heever

Lees: 1 Konings 22 verse 10 tot 28

Teks: 1 Konings 22 vers 14

Sing: Psalm 36 verse 2 en 3

“Onse Hemelse Vader roep vir Hom ’n gemeente tot die ewige lewe uit die verdorwe menslike geslag. Hierin maak Hy deur sy besondere genade gebruik van mense. Mense om die draers te wees van die Verlossingsboodskap aan almal wat deur bande van sonde geknel word.

“Broers en Susters, dit is noodsaaklik dat die dienskneg van die HERE sy roeping as verkondiger duidelik verstaan. En nooit mag die kerk sy roeping isoleer van God se voortgaande handeling en bemoeienis met sy volk nie.

“Wat dit beteken om ’n ware dienskneg van die HERE te wees en wat die HERE van sy dienskneg verwag, is duidelik in die beskrywing van Miga in 1 Konings 22.

“Ons weet nie veel van Miga nie. Maar wat van belang is, is dat hy behoort het tot die ware profete van God wat die roeping van God as ’n werklikheid ervaar en beleef het. Daarom kon hy te midde van die sleurgang van die lewe as ’n ligbaken staan en sy taak vervul in die Naam van God wat hom geroep het. Deur woord en daad het Miga meegehelp om ’n onmiskenbare stempel op die openbaringsgeskiedenis af te druk.

“Jósafat het Miga ontbied na die dorsvloer buite die poorte van die stad, waar hierdie profeet van God aan ’n geweldige toets onderwerp is - wat Miga uitmuntend geslaag het.

“In plaas van om na die mond van Agab te spreek en hom aan te sluit by die opinie van die vierhonderd profete, het hy vreesloos aan hierdie mense die boodskap oorgedra wat hy van die HERE ontvang het: ‘So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek!’ (1 Kon 22:14)

“Die besondere kenmerke van ’n ware profeet van God vind ons in Miga se kort en kragtige antwoord: ‘... wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek!’ Volgens hierdie woorde bestaan die profetiese roeping uit twee dele:

“Eerstens moet die profeet verkondig, dit wat hy van die HERE ontvang het. Met ander woorde, Broers en Susters, voordat die profeet die funksie van ’n ware profeet kan vervul, moet daar eers iets in en met hom gebeur het. Hy moet in ’n persoonlike en direkte gemeenskap met God iets van God ontvang het: ’n woord, ’n opdrag, ’n openbaring.

“Hierdie feit, Broers en Susters, trek ’n lyn tussen ware en valse profete. ’n Persoon van wie dit waar is, sal nooit uit sy eie hart spreek nie, maar alleen verkondig wat hy van God ontvang het.

“Dit was waar van Miga. Daarom het hy nooit aan die besondere openbaring van God getwyfel nie. Hy het op daardie oomblik toe hy gesê het ‘wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek’ vir geen oomblik getwyfel dat God vir hom ’n boodskap sou gee nie.

“Broers en Susters, dit moet ook die tema wees van elke preek: Luister tog, só sê die HERE. Elke ware prediker moet dit vandag nog oor en oor aan sy hoorders preek. Die gemeente moet bo alles verstaan: In elke preek gaan dit oor wat die HERE sê. Daarom kom ons nie na ’n kerkdiens om te luister wat ’n dominee sê nie; en mag ons nie wegbly omdat dit tog maar weer dieselfde dominee is wat preek nie. Nee, ons kom na die kerk om eerbiedig te hoor: ‘So spreek die HERE’.

“Die tweede aspek van sy roeping bestaan daarin dat die profeet van die HERE dit wat hy van die HERE ontvang het, móét meedeel. Met ander woorde wanneer God deur toespraak of inspraak ’n woord aan die profeet meedeel, dan is die nood hom opgelê. Dan rus die hand van die HERE op hom. Dan durf hy nie swyg nie. Dan het God hom gearresteer. Dan het hy geen keuse as om af te lewer wat hy ontvang het nie. As gemeente dit maar wil verstaan.

“Die vereistes wat in die tyd van Miga van toepassing was, geld vandag nog. Dit is om te spreek wat die HERE vir ons sê. Wie dit versuim, sal die skuld nooit op God kan werp nie. God het Hom immers aan ons geopenbaar. Hy het die Woord, onse Here Jesus Christus, vlees laat word om daaglik in ’n lewende gemeenskap met Hom tot ons te kan spreek. God het ook sy Gees aan ons gegee om ons in die volle waarheid

van sy Woord te lei. As ons dus nie spreek nie, is dit ongetwyfeld nie omdat God nie die inisiatief geneem het nie. Dan is dit omdat ons weier om te luister; en as ons nog luister, om te versuim om te spreek. Broers en Susters, dit geld nie net vir die besondere amp van leraar nie, maar vir elke gelowige wat deur die Heilige Gees van God gesalf is tot profeet van God.

“Om die roeping van profeet van God te vervul, moet ons harte oop staan vir die Woord van God. Ons moet gemeenskap beoefen met die vleesgeworde Woord en bereid wees om die Evangelie van vrede te verkondig. Dit moet altyd geskied met Miga se woorde in gedagte: ‘wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek’.

“Maar Broers en Susters, die geskiedenis van Miga vertel ons dat dit nie ’n maklike taak is om aan hierdie vereiste van die bediening te voldoen nie. Satan verskyn in soveel gedaantes op die weg van die profeet van God om hom die mond te snoer en sy boodskap kragteloos te maak. Daar is allerhande versoekings om die profeet se toewyding en inisiatief te smoor. In Miga se geval was daar drie:

“Hier op die dorsvloer in die teenwoordigheid van Agab en Jósafat, die vierhonderd profete en belangrike amptenare, was daar allereers die versoeking vir hierdie profeet om te swig voor die posisie en mag van hierdie vername hoogwaardigheidsbeksleërs. Dat dit geen geringe versoeking was nie, blyk uit die feit dat vorste van daardie tyd oor absolute mag beskik het. Wat ’n versoeking moes dit nie vir Miga gewees het nie, om te swig voor die mag van status en posisie; en om daarmee die suiwer verhouding met God op die spel te plaas en ontrou te wees aan die uitvoer van sy opdrag.

“Hierdie versoeking is vandag nog net so aktueel. Daar is vandag nog mense wat met hulle status en finansiële mag probeer om aan die kerk voor te skryf. Dit is soms moeilik om aan ons medemens erkenning te gee en terselfdertyd suiwer te staan in ons verhouding met God.

“In ons dag is daar ’n neiging om die godsdiens op ’n horisontale vlak te beoefen. Die geregtigheid van God moet plek maak vir ’n evangelie van mede-menselike geregtigheid en daar word van die kerk verwag om hierby aan te pas.

“As die kerk haar laat voorskryf; en die leraar eers oor sy skouer moet kyk om te verneem hoe hulle wat agter hom is, gaan reageer, is dit ’n kwade dag.

“’n Tweede aspek van Miga se versoeking was om sy profesie aan te pas by die eenstemmige profesie van die vierhonderd profete.

“Wie was hierdie profete? Hulle was nie noodwendig ligsinnige manne nie. Hulle probleem was dat hulle die relatiewe waardes in hierdie lewe verhef het tot hoogste goed. Hulle het die godsdiens diensbaar gemaak aan die belange van die staat en volk. Hulle hoogste maatstaf vir die prediking was die voorspoed en welvaart van hulle volk. In werklikheid het hulle geestelik nie hoër gestaan as die vlak van die verwêreldse en genasionaliseerde godsdiens van Agab nie. Daarom was die bron waaruit hulle hul prediking geput het, die sprake van die natuurlike hart.

“Hierdie profete was eenstemmig in hulle getuienis. Hulle was vierhonderd en Miga man-alleen. Broers en Susters, wat ’n versoeking moes dit vir Miga gewees het om die prediking en getuienis aan te pas by die heersende beskouing van die tyd. En hierdie versoeking geld vandag nog. Ons is almal kinders van ons tyd en geneig om die beskouinge waaraan ons gewoon geword het, kritikloos te aanvaar. Nee, die profeet van God moet ten alle tye aan die hand van God se Woord die rigting aantoon.

“Diegene wat na die profeet se boodskap luister, het dikwels vele aspekte in hulle sosiale en huislike lewe wat nie die toets van die Christelike moraal deurstaan nie. Daarom probeer hulle die mond van die profeet snoer met die opmerking: Moet tog nie kwaad oor ons profeteer nie. Dan sê hulle vir die dominee: Ons is bereid om vêr met u saam te gaan, om die kerk te besoek, om ons onder die verkondiging van die Woord te stel, maar met een voorbehoud: Moet tog nie ons gelykvormigheid aan die wêreld met u prediking verydel nie. Vir Eségiël het hulle gesê: Jy moet mooi dinge oor ons spreek.

“Hulle is bereid dat die elektriese geleidraad van God se Woord onder hulle aangelê word, maar dan só geïsoleerd dat as hulle dit aanraak, daar nie ’n kortsluiting sal plaasvind op die punte waar hulle hart en lewe nie reg is voor God nie. Veral in ons tyd waar daar nie meer ’n skerp skeidslyn is tussen geloof en ongelooft nie, is hierdie nie ’n denkbeeldige bedreiging nie.

“’n Derde versoeking waarvoor Miga te staan gekom het, was om die veiligheid van sy lewe bó die uitvoering van sy taak te stel. Broers en Susters, Miga was maar net ’n mensekind wat ook sy lewe liefgehad het. Hy was

bewus van die vyandskap van die koning en het geweet wat op hom gewag het as hy die koning nie na die mond gespreek het nie. Maar hy het nie geswig nie. God was vir hom alles. Daarom het hy gesê: 'So waar as die HERE leef, voorwaar, wat die HERE vir my sê, dit sal ek spreek!' Hy het dit gesê, al het Sedekía vorentoe getree en hom op die kakebeen geslaan.

"Selfbehoud en selfhandhawing is vir die profete van God vandag nog 'n geweldige versoeking. Ons wil nie graag deur Sedekías op die kakebeen geslaan word nie. Ons wil nie graag onpopulêr wees nie. Broers en Susters, hierdie versoeking is groot, omdat die profeet se prediking noodwendig op verset stuit en weerstand wek. Maar ons moet onthou, die dienskneg is nie groter as sy Heer nie: 'As hulle My vervolg het, sal hulle jul ook vervolg.' (Joh 15:20) Die getuie van Jesus Christus is in beginsel en dikwels in realiteit 'n martelaar.

"Jesus Christus is ons voorbeeld. Hy is ook in sy bediening op drie wyse versoek. In sy reaksie daarop het Hy vir ons die wyse voorbeeld gestel, sodat ons Hom daarin kan navolg. Hy het dit vir ons moontlik gemaak om profete van God te wees en staande te bly in die versoekings wat op die pad van roepingsvervulling op ons wag.

"Alleen in Hom kan ons die profetiese amp vervul. Hy is die inhoud van ons prediking en getuie. Dit is die krag van sy Gees wat ons daartoe in staat stel.

"Dit is Jesus Christus se teenwoordigheid wat ons in staat stel om ons taak te verrig, want Hy het gesê: '... kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.'" (Matt 28:20)